Laerskool Queenswood

Omsendbrief 27

31 Augustus 2011

Geagte Ouers en Voogde

OUER BEGROTINGSVERGADERING:
Ouer begrotingsvergadering vind op 25 Oktober 2011 plaas.
Begroting sal vanaf Woensdag, 12 Oktober 2011, ter insae by die finansiële kantoor beskikbaar wees.

SKOOLKALENDER:
Die skole vir Gauteng heropen vir volgende jaar op 18 Januarie 2012 en sluit 30 Maart 2012 vir die eerste termyn.

LOSLITDAG:
Ondersteun asseblief loslitdag ten bate van Via Nova-skool op Vrydag 2 September 2011. Leerders wat R10.00 betaal vir 'n plakker mag daardie dag gewone klere aantrek.

BLIKKIESKOS:
Ons het dit goedgedink om te vra, indien moontlik, dat leerders op 2 September 2011 blikkiekos of onbederfbare kos skooltoe sal bring vir gesinne in ons skool wat sukkel. Indien u van iemand weet, of self kos benodig, skakel asseblief die algemene kantoor van die skool.

SOMERSDRAG:
Vanaf Maandag 5 September 2011 mag die leerders amptelik somersdrag aantrek.

MNR. EN MEJ. KASKAR:
Op Woensdag, 28 September 2011, om 18:00 vind hierdie geleentheid in die skoolsaal plaas. Verdere reëlings en besonderhede sal nog deurgegee word.

LEESKLINIEK:
Sien aaseblief aangehegte skrywe,

"TWO MINUTE NOODLES"-KASKARPROJEK:
U ontvang vandag 'n brief in bogenoemde verband. Die graad een klasse verkoop 80gr "two minute noodles" teen R4.00 'n pakkie. Heerlike geure soos hoender, groente en biefstuk is beskikbaar. Stuur asseblief u bestelling met die korrekte kontant terug na u kind se voogonderwyser. Ondersteun asseblief hierdie projek.

REVUE OEFENING:
Na die revue se spog optrede in die Stadsaal gee ons hulle 'n breuk. Die volgende oefening sal 26 en 28 September 2011 wees. Ons wil graag op hierdie twee dae voluit oefen om tydens ons oupa– en oumadag op te tree. Ons vra dat al die revuelede tydens hierdie twee oefeninge teenwoordig sal wees.

KOEKSISTERS:
Neem asseblief kennis dat die koeksisters op *Donderdag, 1 September 2011*, afgelewer word in plaas van Vrydag 2 September 2011.

DOUGHNUTS:
Heerlike Doughnuts word Vrydag gedurende pouse verkoop.

"SPARE RIBS" EN SPEK:
"Spare ribs" en spek word teen R60/kg vir die graad 7-fonds verkoop. Bestelling sluit Vrydag, 2 September 2011 en aflewering vind Vrydag, 9 September 2011 plaas. Sien aangehegte bestelvorm.

Vriendelike groete

……..
R. LUDICK
PRINSIPAAL

Punte van belang:

Begrotingsvergadering

Skoolkalender

Loslitdag

Blikkieskos

Somersdrag

Mnr. en Mej. Kaskar

Leeskliniek

"Two minute noodles"

Revue oefening

Koeksisters

Doughuts

"Spare Ribs" en Spek